Les 8: HARD WERK EN LANK WAG

'n Les gemik op pre-tieners (gr 4-7)

Skrifgedeelte

Genesis 29:15 - 30

Doel

Dat kinders sal besef dat 'n mens soms hard moet werk en lank moet wag vir iets wat jy graag wil hê en dat jy nie moedeloos moet word tydens die wagproses nie.

Speletjie: Papier knip resies

Verdeel die kinders in klein groepies. Gee vir elke groepie 'n vel koerantpapier en stukkie wondergom. Die kinders moet 'n stukkie wondergom aan die boonste linkerhoek van die koerantpapier plak en die koerant teen die muur plak. Gee vir elke groepie 'n stomppunt skêr en sê vir hulle om die koerantvel op te knip in een lang strook sodat hulle die anderkant van die vertrek daarmee kan bereik. Die spanne wat die anderkant van die vertrek bereik met een strook papier, is suksesvol. Die spanne wie se stroke skeur, word gediskwalifiseer.

Bespreking

* Wat was vir jou moeilik van die "game"? Hoekom?
* Het dit soms vir jou gevoel die "game" vat te lank?
* Vir die suksesvolle span: Hoekom was dit vir julle die moeite werd om so versigtig te werk, en lank te vat om by die anderkant van die vertrek uit te kom?
* Vir die onsuksesvolle span: Wat dink julle het daartoe gelei dat julle nie klaar gemaak het nie?

Kom ons hoor wat sê die Bybel oor iemand wat hard moes werk en lank moes wag vir iets wat hy baie graag wou hê. Vrywillige kinders kry elk 'n gedeelte uit "Die Boodskap" om te lees:

Gen 29:15: Na 'n maand het Laban vir Jakob gesê: "Al is jy deel van ons, gaan jy nie verniet vir my werk nie. Hoeveel moet ek jou 'n maand betaal? Maak jou sommetjies en sê my dan."

Gen 29:16,17: Laban het twee dogters gehad. Die oudste was Lea en die jongste Ragel. Lea het baie mooi oë gehad, maar Ragel, die jongste, was baie mooi.

Gen 29:18: Jakob het verlief geraak op Ragel en daarom het hy vir Laban gesê: "Oom hoef my nie te betaal nie. Ek sal vir Oom se jongste dogter, vir Ragel, werk. Sewe jaar lank sal ek vir haar werk en dan moet sy my vrou word."

Gen 29:19: "Goed dan," het Laban gesê "Jy bly hier by my en jy werk sewe jaar lank vir Ragel. Dit is beter dat jy haar kry as een of ander kêrel wat nie deel van ons is nie".

Gen 29:20: So het Jakob vir Ragel gewerk. Sewe jaar lank! En dit was glad nie eens vir hom moeilik nie. Dit het soos 'n paar dae gevoel, want hy was baie lief vir Ragel.

Gen 29:21: Op 'n dag het Jakob vir Laban gesê: "My sewe jaar is veby. Gee Ragel asseblief vir my sodat ek by haar kan gaan slaap."

Gen 29: 22, 23: Laban het toe 'n groot fees gehou en al die mense van die dorp genooi. Laat-aand het Laban vir Lea, sy oudste, gevat en haar na Jakob gebring. Sy het 'n sluier om haar gehad en Jakob het haar nie herken nie. Die nag het Jakob toe by Lea geslaap.

Gen 29:24,25: Laban het die nag sommer ook sy slavin Silpa gevat en haar vir Lea gegee. Teen dagbreek het Jakob ontdek hy is bedrieg. Langs hom was Lea en nie Ragel nie. Woedend het hy Laban toegesnou: "Wat het jy aan my gedoen? Ek het sewe jaar vir jou gewerk sodat ek Ragel kan kry en toe bedrieg jy my. Hoekom het jy dit gedoen?"

Gen 29:26: "Kom nou, kom nou," het Laban gesê. "Hier by ons gebeur dinge anders. Hier trou 'n mens eers met die oudste dogter en dan met die jongste.

Gen 29:27: Vier tog hierdie week die huweliksfees saam met ons, dan sal ek Ragel ook vir jou gee. Ek beloof jou, maar dan moet jy nog sewe jaar vir my werk."

Gen 29:28,29: Jakob het ingestem. 'n Week lank het hy die huweliksfees gevier. Aan die einde van die feestyd het Laban toe vir hom Ragel as vrou gegee. Laban het toe sy slavin Bilha vir Ragel gegee.

Gen 29:30: Jakob het by Ragel geslaap. Hy was baie lief vir haar. Hy het haar liewer gehad as vir Lea. En hy het nog sewe jaar vir Laban gewerk.

Kinders verdeel in kleingroepe en bespreek die volgende vrae. Daarna moet hulle die moontlike emosies / gesindhede wat Jakob kon gevoel het, op die witbord kom skryf.

* Hoekom was dit vir Jakob aanvanklik maklik om lank te werk sodat hy met Ragel kon trou?
* Met watter gesindheid het Jakob begin werk?
* Hoe dink jy het Jakob gevoel toe die troudag uiteindelik aanbreek?
* Hoe het Jakob gevoel toe hy uitvind dat Laban hom bedrieg het?
* Hoekom was Jakob bereid om dubbel so lank te werk sodat hy vir Ragel kon kry?
* Wat sê dit van Jakob se gesindheid?

Kom ons hoor wat sê die Bybel oor hard werk en lank wag (uithouvermoë): (Kinders soek die tekste op en lees dit.)

* Hebreërs 10:36
* Nahum 1:7
* 2 Timoteus 4:7
* Romeine 5:3-4
* 1 Johannes 5:4

Kinders verdeel weer in kleingroepies. Die uitdaging is dat elke groepie 'n slagspreuk skryf om Jakob of enigiemand anders wat hard moet werk en lank moet wag, aan te moedig om uit te hou en aan te hou.
Hulle lees hul slagspreuke aan mekaar voor.
Hulle kan kreatiewe "posters" maak van hul slagspreuke. (Groot "posters" wat mooi versier word, kan in die lokaal opgesit word.)

Verdere aktiwiteit

Laat die kinders jellie maak tydens die byeenkoms en beloof hulle dat hulle die jellie kan eet. Die jellie stol egter nie so vinnig nie - die kinders sal ongeduldig word van wag. Die kinders sal beleef dat 'n mens ongeduldig kan word as jy lank moet wag vir iets wat jy graag wou hê. Sorg vir gestolde jellie wat jy vooraf gemaak het, sodat die kinders wel jellie kan eet.